WEEK 8 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

1. GEBEURE BY GEMEENTES:

NG RIETFONTEIN VIER FEES!: Rietfontein dink vanjaar terug aan 'n honderd jaar van Christus in aksie in en deur die gemeente. Alhoewel die geboorte van hierdie tweede gemeente in Winburg uiters pynlik was, het die Here in sy onbegryplike genade, hulle reeds vir 'n eeu lank gedra en gebruik, dáár waar hulle sy kerk probeer wees. Die **gemeente se verjaarsdagdatum is 31 Mei** en die **partytjie vind op Saterdag 3 Junie 2017** plaas, wanneer hulle die **oggend met 'n Dankfees** vier met allerlei heerlike eet- en drinkgoed, onder andere hulle beroemde pannekoek en sosaties. Die **Saterdagaand** word daar 'n **konsert in die kerksaal** aangebied. **Pinkstersondag 4 Junie, is dit 'n feesdiens** met nagmaal, koorsang en trompetgeskal. Alle belangstellendes word uitgenooi om saam met dié gemeente te kom fees vier. Oud-lidmate kan vir Bertus Celliers kontak by 082 784 9735, of vir Rika by 051 881 0322 (k/u Ma-, Wo- en Vrydagoggende). *As iemand iewers foto's van die NG Rietfontein beskikbaar het, laat weet hulle ook asseblief.*

2. ANDER GEBEURE:

TWEE MUSIKALE GELEENTHEDE:

7 LAST WORDS... **by die NG Heuwelsig:**

MESSIAS – 'n Oratorium in drie dele met teks uit die Ou- en Nuwe Testament en musiek deur GF Handel, word op **21 en 22 April 2017** in die ODEION aangebied. Dit is 'n projek van die Odeion Skool vir Musiek en Alumni Voices om Reformasie 500 te vier:

Die werk is toegespits op Jesus die Messias as Christus en bestaan uit drie dele:
Deel 1 – die voorspelling van die Messias se geboorte en die aankondiging aan die herders;
Deel 2 – die kruisiging en oorwinning oor die dood met die triomfantelike "Halleluja koor";
Deel 3 – die opstanding en Christus se hemelse verheerliking.

Hierdie projek kan ongelukkig nie plaasvind sonder die nodige ondersteuning nie en belangstellendes/gemeentes kan dit doen deur die musikante te finansier. Vind meer inligting hieroor in 'n **brief**, met 'n **volledige uiteensetting van die produksie** en 'n opsomming van die uitgawes vir so 'n produksie.

'N SPLINTERNUWE PASSIESPEL IN AFRIKAANS: Hierdie jaar heet die passiespel, ***Judas Iskariot – wat is die prys van bloedgeld?*** Dit word op **Saterdag 1 April 2017 by twee geleenthede in die Sand du Plessisteater opgevoer** (sien biljet vir meer besonderhede rakende tye en koste van kaartjies en klik ook onder op skakels vir meer inligting en 'n voorsmaak van wat wag...

Daar gaan hierdie jaar ook 'n **Bybelse mark in die foyer** wees. **Gemeentes word uitgenooi om hulle voorstelle hiervoor in te dien** – klik **hier** vir meer inligting.



Trailer | Trailer 2 | Event - Facebook

'N GELEENTHEID VIR ALLE MANNE:

3. KONFERENSIE EN SEMINAAR:

KONFERENSIE – SKRIFINTERPRETASIE EN SKRIFGESAG: Hierdie konferensie, aangebied deur die Noordelike Sinode in samewerking met *Excelsus*, vind op **Woensdag 22 Maart 2017** by die NG Gemeente Lynnwood (geleë te Sussexlaan 439, Lynnwood, Pretoria), plaas. Die sprekers by hierdie geleentheid is Andries Kritzinger, James Kirkpatrick en André van Niekerk, koste @ R350pp. Vir die program, klik **hier** en vir die inskrywingsvorm, **hier** en vir meer inligting en inskrywings, kontak vir Rika van Rensburg by **excelsus@up.ac.za**, of skakel 012 420 6738 (k).

DAGSEMINAAR: *PA-WONDE EN MA-WONDE*:

Datum: Saterdag 25 Maart 2017 by die NG Gemeente Bloemfontein-Noord (Klipkerk)
Sprekers: Prof Hannes Steinberg (UV Med Fakulteit); Dr Johannes Cronjé (UV Med Fakulteit); Prof Wentzel Coetzer (NWU Teol Fakulteit)
VBO punte: 10x (ook SAAP punte)
Navrae: Prof Wentzel Coetzer by 083 660 0409, of stuur 'n e-pos aan, **wentzelc@gmail.com**
Vir meer inligting, klik **hier**.